Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

ÉcoleBooks

RELIGIESTUDIES V1 (EKSEMPLAAR)

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

* R L G S A 1 *

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIESE EN ENLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
   AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae noukeurig deur.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan elke vraag toegeken word.

6. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Skryf netjies en leesbaar.

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord uit en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.1.11 A.

1.1.1 Hierdie konsep verwys na die geloof dat alle natuurlike dinge 'n gees het en menslike gebeure kan beïnvloed.

A Amulet
B Veras
C Animisme
D Dissipel (1)

1.1.2 Die Vedas word beskou as die heilige boek van …

A Christendom.
B Boeddhisme.
C Baha'i-geloof.
D Hindoëisme. (1)

1.1.3 Brahman is …

A die stigter van Taoïsme.
B 'n Hindoe-god.
C 'n sosioloog.
D 'n rabbi. (1)

EcoleBooks

1.1.4 'n Huwelik met meer as een persoon word … genoem.

A poligamie
B politeïsme
C monogamie
D monastisisme (1)

1.1.5 Die kleinste Christelike groep in Suid-Afrika is die …

A protestante.
B die Ortodokse kerk.
C die Rooms-Katolieke kerk.
D die Sionistiese Christelike kerk. (1)

1.1.6 Die Dalai Lama is …

A die geestelike leier in Boeddhisme.
B 'n voorvader in Afrika Tradisionele Godsdiens.
C die president van Tibet.
D die geestelike leier van Tibet. (1)

1.1.7 Hy het godsdiens die 'opium van die volk' genoem.

A Hans Mol
B Karl Marx
C Durkheim
D Heraclitis (1)

1.1.8 'n Afrika-etiek wat respek en sorg vir die welsyn van 'n ander beteken, staan as … bekend.

A ubuntu
B oorgang
C wêreldbeskouing
D sangoma (1)

1.1.9 Hierdie konsep verwys na die geloof dat daar slegs een God is.

A Politeïsme
B Neo-Heidendom
C Teïsme
D Monoteïsme (1)

1.1.10 Die volgende godsdienste is een van die nie-sendingsgodsdienste:

A Islam
B Christendom
C Boeddhisme
D Judaïsme (1)

ÉcoleBooks

1.2 Uit elke groep woorde hieronder, kies die woord wat NIE pas NIE. Gee 'n rede vir jou keuse. Skryf slegs die woord wat nie pas nie en die rede langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

VOORBEELD: Piesang; Appel; Aartappel; Druiwe
ANTWOORD: 1.2.5 Aartappel. Die ander is almal vrugte.

1.2.1 Meuzzin, Vedas; Spies; Kruis (2)

1.2.2 Albie Sachs; Beyers Naudé; Abdullah Haron; Galileo Galilei (2)

1.2.3 Tefellin, Tallit, Siddur, Yarmulke; Salat (2)

1.2.4 Tien Gebooie, Torah, Vyf Pilare, Agtvoudige Pad (2)

1.2.5 Brahaman; Ksatriya; Vajirayana; Vaisyn (2)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.6) in die ANSTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.3.7 H.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	'n Persoon wat hul godsdienstige geloof na 'n ander godsdiens verander	A	Hiërargies
1.3.2	'n Sisteem van regering waar God die hoof regeringsagent is	B	Pelgrimstog
1.3.3	Beskryf 'n struktuur van gesag of belangrikheid, van die minder belangrike tot die mees belangrike	C	Nomadies
1.3.4	Om 'n reis na 'n heilige plek as 'n daad van toewyding, te onderneem	D	Openbaring
1.3.5	Trek van plek tot plek, bly nie lank op een plek nie	E	Teokraties
1.3.6	'n Boodskap van God / die Opperwese	F	Demokraties
		G	Bekeerling

(6)

1.4 Definieer die volgende konsepte in die konteks van religie:

1.4.1 Ululering (2)

1.4.2 Wêreldbeskouing (2)

1.4.3 Mantra (2)

1.5 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord in te vul. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.5.1 'n … is 'n nie-gelowige in godsdiens, maar veral in die Christendom, Judaïsme en Islam. (2)

1.5.2 A tydperk van verdeling in die Katolieke kerk, word … genoem. (2)

1.5.3 In ... godsdiens word die arati lamp in aanbidding by die huis en in die tempel gebruik. (2)

1.5.4 ... is die hoof van die Anglikaanse kerk. (2)

1.5.5 Die stigter van Taoïsme is ... (2)

1.6 Beantwoord die volgende vrae:

1.6.1 Waarom kies Christene 'n *kruis* as 'n simbool vir hulle geloof? (2)

1.6.2 Wat beteken *bar mitzvah*? (2)

1.6.3 Verduidelik die verskil tussen *karma* en *dharma.* (4)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

GODDIENSTIGE LEIERS VEG TEEN COVID-19

Die Metodistekerk het die Goeie Vrydag- en Paassondag-dienste gekanselleer om die verspreiding van die koronavirus te beveg en die Moslem Regtelike Raad (MJC) het die Vrydag-gebed gekanselleer. Die Sion Christen Kerk (ZCC) het ook sy jaarlikse Moria-pelgrimstog gekanselleer.

President Cyril Ramaphosa het Donderdag tydens 'n vergadering met leiers van uiteenlopende geloofsgemeenskappe gepraat om die nasionale reaksie op die COVID-19 uitbreking te versterk, en gesê die aankondigings is ongetwyfeld deur groot wroeging/oorleg bereik.

"Hierdie risiko is groter in arm gemeenskappe, waarvan baie nie toegang tot veilige en skoon drinkwater het nie en wat deur omstandighede gedwing word om in die omgewing van ander te woon," het hy gesê. Mense van alle ouderdomme kan besmet word deur die nuwe koronavirus (Covid-19). Ouer mense, en mense met bestaande mediese toestande soos asma, diabetes en hartsiektes, blyk meer kwesbaar te wees om ernstig siek te word van die virus.

"As regering waardeer ons die uitdagings, wat dit op 'n aantal fronte bied, ten volle", het President Ramaphosa gesê.

[Uittreksel uit vukuzenzele. gov.za geneem]

2.1.1 Wat was die doel van die president se oproep vir 'n grendeltydperk ('lockdown")? (2)

2.1.2 Wie, volgens die uittreksel, is die kwesbaarste in die Covid-19 pandemie? (4)

2.1.3 Verduidelik hoe TWEE godsdienste op die president se oproep gereageer het. (4)

2.1.4 Hoe dink jy, waarom het president Ramaphosa spesifiek 'n beroep op godsdiensleiers gedoen? (4)

2.1.5 Gee TWEE voorbeelde uit jou omgewing wat aandui dat godsdiensleiers die nasionale poging ondersteun het. (4)

2.1.6 Menseregte was nog altyd 'n belangrike deel van godsdiens. Noem TWEE menseregte wat deur die regering in ag geneem moes word tydens die Covid-19 uitbreuk. Motiveer jou antwoord. (8)

2.1.7 Veronderstel jy was 'n godsdiensleier. Watter godsdienstige boodskap sou jy aan die gemeenskap uitdra? (4)

2.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Baie van die wêreld se godsdienste vertel mense dat hule tyd van die werk moet afneem. 'Ontspanning' is wat mense doen om af te skakel en hulself te geniet wanneer hulle werk afgehandel is. Hulle sosialiseer saam, speel speletjies, lees, kyk TV, ensovoorts. Hoe dit ook al sy, wat mense doen vir ontspanning laat soms ernstige etiese vrae ontstaan.
>
> [Geneem uit *Shuter's Religie Studies Graad 11* deur Donne et al 2006:74]

2.2.1 Skryf TWEE ontspanningsaktiwiteite neer wat godsdienste ondersteun en TWEE wat hulle afkeur. (8)

2.2.2 Definieer die verskil tussen ontspanningsaktiwiteite wat godsdienste:

- Ondersteun, en dié wat hulle (1 x 2)
- Veroordeel (1 x 2) (4)

2.2.3 Gee 'n opsomming van die hoofredes waarom godsdienste blyk gekant te wees teen aktiwiteite waar dwelms, alkohol en dobbel betrokke te wees. (4 x 2) (8)

[50]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande uitreksel en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKAANSE INISIASIESKOLE IS OPGESKORT NÁ STERFTES ONDER BESNYDES deur Pumza Sihlani, 20 Des 2019

Die Suid-Afrikaanse owerhede het verskeie inisiasieskole geskors waar seuns die afgelope weke oorlede is en aan die besnydenisrituele deelgeneem het.

Tienduisende ingewydes tussen 15 en 17 jaar spandeer elke jaar tyd in afsondering in die bos waar hulle geleer word oor hoe om goeie mans in die samelewing te wees.

Maar soms loop dinge skeef, en sommige ingewydes sterf of word vermin in mislukte besnydenisse. Honderde seuns is verlede jaar hospital toe geneem waar hulle behandel is vir penisamputasie, septiese wonder en dehidrasie.

Die praktyk self is deurdrenk van geheimhouding. So geheim dat die seuns nie mag praat oor wat daar gebeur het nie.

Die meeste sterftes was as gevolg van dehidrasie en wonde wat septies geraak het, wat dui op die gebrek aan behoorlike versorging en mishandeling van ingewydes by die skole.

Baie van die oorledenes het inisiasieskole besoek wat nie by die owerheid geregistreer was nie. Hierdie skole neem toe omdat inisiasie 'n winsgewende praktyk geword het aangesien chirurge en verpleegsters vir hul werk betaal word.

Die regering betaal ook nou medici om geregistreerde skole te besoek om na die welstand van die seuns te kyk.

[Uittreksel vertaal uit www.bbc.com.cdn.ampproject.org]

3.1.1 Watter ritueel word in die uittreksel bespreek? (2)

3.1.2 Noem TWEE redes waarom inisiasieskole gesluit is. (4)

3.1.3 Verduidelik kortliks die konsep *ritueel.* (4)

3.1.4 Wat was die oorsake van die sterftes van so baie ingelyfdes? (6)

3.1.5 Dink jy die regering moet besnydenisse oorneem? Motiveer jou antwoord. (6)

3.1.6 Noem DRIE deurgangrites in godsdiens, behalwe die een in VRAAG 3.1.1. (6)

3.1.7 Tydens die grendeltyd ('lockdown') het die president inisiasies gekanselleer. Wat dink jy was die president se redes vir die kansellasie? (6)

3.2 Lees die volgende uitreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Die land was deur die vyande, die Filistyne, binnegeval. Koning Saul het sy soldate byeengeroep en 'n laer reg voor die Filistyne se weermag opgeslaan. Elke dag het Goliat, 'n Filistynse reus, uitgekom en Saul se soldate uitgetart. Hy het enigeen van Saul se soldate wie dapper genoeg was, tot 'n tweegeveg uitgedaag. Die verloorder se weermag sou as verslane beskou word. Goliat het Saul se soldate getreiter, en niemand was bereid om die uitdaging te aanvaar nie. Op 'n dag het Dawid, 'n jong herder, by die koning se kamp opgedaag om vir sy broers kos te bring.

Hy het die uitdaging gehoor en was skaam oor die lafhartigheid van koning Saul se weermag. Hy het aangebied om Goliat se uitdaging te aanvaar. Hy het geweier om die wapenrusting van koning Saul, wat hulle hom gegee het, te dra. Hy het verkies om sy skaapwagter-slinger met vyf klippies in die slingervel te plaas en na Goliat te gooi. Die reus het bewusteloos neergeval. Dawid het Goliat se swaard geneem en sy kop afgekap. Die Filistynse soldate het uit vrees gevlug.

[Uitreksel geneem uit *Shuter's Religie Studies Graad 11* deur Hofmyer et al 2006, bl. 31]

3.2.1 Die gebeure in die verhaal het baie jare gelede plaasgevind. Hoe was dit oorgedra, voordat dit in geskrewe vorm verskyn het? (2)

3.2.2 Wat is die doel van die verhaal? (2)

3.2.3 Waarom het David geweier om Saul se wapenrusting teen 'n opgeleide soldaat soos Goliat te dra, behalwe vir die feit dat dit te swaar en te groot vir hom was? (4)

3.2.4 Verduidelik die verskil tussen die konsepte *mite* en *verhaal* (vertelling) in die konteks van religie. (4)

3.2.5 Volgens die vertelling wat verteenwoordig Dawid? Haal EEN stelling uit die uittreksel aan om jou antwoord te motiveer. (4)

[50]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 4

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

DISKRIMINERENDE HOUDING TEENOOR ANDER GODSDIENSTE

Standpunt 1
Die meeste godsdienste is op een of ander manier en op een of ander tydstip in hul geskiedenis deur 'n ander godsdiens beïnvloed. Een godsdiens inkorporeer die leerstellings, oortuigings of praktyke van 'n ander godsdiens.

Standpunt 2
Hier glo mense dat alle godsdienste gedeeltelik waar mag wees, maar dat die volle waarheid slegs in hulle godsdiens gevind kan word.

Standpunt 3
Die siening dat een bepaalde godsdienstige tradisie alleen die waarheid leer en die pad na verlossing of bevryding is.

Standpunt 4
Hierdie siening sê dat alle tradisies 'paaie' is waarlang verlossing, bevryding en vervulling. Elke godsdiens het sy eie reëls en patrone vir sy volgelinge.

[Uitreksel geneem uit *Shuters Top Klas Religie Studies Graad 11*, Hofmeyer et al, bl. 37–38]

ÉcoleBooks

4.1 Gee 'n sinoniem vir die woord *diskriminasie* in die opskrif. (2)

4.2 "Dialoog is 'n baie belangrik in situasies van godsdienstige diversiteit."

4.2.1 Verduidelik, in jou eie woorde, die term *inter-godsdienstige dialoog*. (4)

4.2.2 Identifiseer die VIER teologiese opinies in paragraaf 1–4. (8)

4.2.3 Verduidelik kortliks die term *godsdienstige verdraagsaamheid.* (6)

4.2.4 Waarom dink jy vrees ons ander mense wat van ons verskil? (4)

4.2.5 Watter strategieë kan godsdiensleiers aanwend om religieuse dialoog te bevorder? (6)

4.3 Noem die religie waarin elk van die onderstaande simbole voorkom:

4.3.1 Hajj (4)

4.3.2 Menorah (4)

4.4 Beantwoord die volgende vrae.

4.4.1 Verduidelik wat met *proselitering* bedoel word. (4)

4.4.2 Wat impliseer die konsep *religieuse imperialisme?* (4)

4.4.3 Skryf notas oor die konsep *ekumenisme*. (4)

[50]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 5

5.1 Lees die volgende uittreksel oor misdaad in Suid-Afrika en beantwoord die vrae wat volg.

MISDAAD IN SUID-AFRIKA:
DIE SKREIENDE WERKLIKHEID deur Afriforum / Sep 18, 2019

Die minister van polisie, Bheki Cele, het op 12 September 2019 Suid-Afrika se jongste misdaadsyfers by die parlement in Kaapstad bekendgemaak. Die syfers vir die 2018/19 finansiële jaar is skokkend en beaam die werklikheid dat Suid-Afrikaners in vrees lewe. In elke jaarlikse verslag word 'n misdaad geïdentifiseer wat feitliks daagliks plaasvind, wye mediadekking kry en gefokusde aandag van die SAPD geniet. In 2017 was die misdaad plaasaanvalle, in 2018 was dit transitorooftogte en hierdie jaar is geweldsmisdaad teen vroue en kinders, met goeie rede, onder die vergrootglas.

Die land se reaksie die afgelope paar weke op geweld teen vroue en kinders is dus, sonder twyfel, geregverdig. Kontakmisdaad waarin kinders die slagoffers was, het met 3,9% toegeneem – in 899 gevalle wat gerapporteer is, is seksuele misdade teen kinders gepleeg en 29 kinders is in die tyderk vermoor.

Cele sê dit is noodsaaklik dat akademici en kenners met die SAPD saamwerk. Redes vir die toenames in geweld, asook die oorsake van geweldmisdade wat oor naweke gepleeg word, moet ondersoek word. Alhoewel navorsing oor hierdie onderwerpe belangrik is vir enige misdaadbekampingstrategie, het Suid-Afrikaners na dese 'minder praat en meer doen' nodig.

[Uitreksel geneem uit afriforum.co.za]

SUID-AFRIKA SE RAMAPHOSA BLAAS 'VERAGTELIKE' MISDAADGOLF TYDENS KORONAVIRUS AFSONDERING

deur Elliot Smith

Die Suid-Afrikaanse president Cyril Ramaphosa het belowe om op te tree na 'n vlaag van geslagsgebaseerde geweld, roof en vandalisme regoor die land.

Sedert die landwye grendeltyd op 23 Maart aangekondig is om die verspreiding van die koronavirus pandemie te beperk, is 148 mense gearresteer en aangkla van misdade wat verband hou met geslagsgebaseerde geweld.

By tientalle skole is ingebreek, is beskadig of tot op die grond afgebrand, en die staatsbeheerde Eskom het gesê dat kabeldiefstal en vandalisme toeneem.

Ramaphosa het Maandag in 'n opebrief aan die land gesê dit is 'veragtelik' dat misdadigers probeer om voordeel te trek uit die afsondering in 'n tyd waarin die wetstoepassende owerhede hulself besig hou met die nasionale stryd teen die pandemie.

Die aantal oproepe na die GBV (geslagsgebaseerde geweld) se nasionale kommandosentrum het toegeneem sedert die grendeltydperk op 27 Maart begin het, wat 'n groter wêreldwye neiging weerspieël sedert die pandemie regerings gedwing het om mense te beveel om in hul huise te bly.

Die VN sekretaris-generaal, Antonio Guterres, het verlede week in 'n videoboodskap gesê dat daar 'n 'afgryslike wêreldwye oplewing in huishoudelike geweld' was, en die Suid-Afrikaanse regering het 'n aantal maatreëls ingestel om die plaag aan te pak.

[Uittreksel vertaal uit cnbc.com]

5.1 Verwys na die eerste uittreksel.

5.1.1 Uit die uittreksel gee TWEE redes waarom Suid-Afrikaners in vrees lewe. (4)

5.1.2 Haal EEN woord uit paragraaf 3 in die eerste uittreksel, aan wat die belangrikheid van 'n gesamentlike poging tot misdaadbekamping beklemtoon. (2)

5.1.3 Hoe dink jy, watter TWEE van die TIEN GEBOOIE word in die uittreksel gebreek? (4)

5.2 Verwys na die tweede uittreksel.

5.2.1 *"… Ramaphosa blaas 'veragtelike' misdaadgolf tydens koronavirus grendeltydperk."* Wat bedoel die skrywer met hierdie opskrif? (2)

5.2.2 *"Ramaphosa het gesê dit is 'veragtelik' dat misdadigers probeer om voordeel te trek uit die sluiting …"*

Gee DRIE voorbeelde van misdade tydens die grendeltydperk. (6)

EcoleBooks

5.3 Indien jy 'n lid van die regering was, watter maatreëls sou jy in plek sit om die gety van misdaad te stuit? (6)

5.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Veralgemenings oor die rol en status van vroue in tradisionele Afrika-samelewings, soos vir ander aspekte van die Afrika-lewe, is nie maklik om te maak nie, omdat Afrika nie 'n kulturele gebied is nie. Dit word gekenmerk deur groot kulturele en taalkundige uiteenlopendhede, en elke stelling wat oor 'n stam gemaak word, kan heeltemal nie van toepassing wees op 'n ander nie. 'n Goeie begrip van die status en rol van van vroue in tradisionele Afrika-samelewing behels derhalwe 'n waardering vir die verskillende kulturele patrone waarbinne hulle grootgemaak word …

[Uittreksel geneem en vertaal uit respository.unesca.org]

Nomsa wil ondersoek in stel oor die rolle van vroue in tradisionele Afrika gemeenskappe. Sy wil uitvind wat die sienings van seuns tussen die ouderdomme van 15 en 18 jaar is oor die rolle van vroue in hulle gemeenskappe.

5.4.1 Watter tipe onderhoud is sy van plan om te voer? (2)

5.4.2 Noem die presiese onderwerp waarop Nomsa beplan om te fokus. (2)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

5.4.3 Noem DRIE voorbeelde van vrae wat sy met hierdie soort navorsing kan vra. (6)

5.4.4 Gee DRIE riglyne vir die opstel van haar vrae vir hierdie onderhoud. (6)

5.4.5 Haal EEN sin aan uit die uittreksel wat beskryf hoe moeilik dit is om aannames te maak uit data oor Afrika gemeenskappe. (2)

5.4.6 Noem TWEE soorte ondersoekmetodes wat sy kan gebruik. (4)

5.4.7 Wat is die verskil tussen *gestruktureede* en *ongestruktureerde onderhoude*? (4)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

ÉcoleBooks

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

ÉcoleBooks

RELIGIESTUDIES V1
NASIENRIGLYN
(EKSEMPLAAR)

PUNTE: **150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	A – Animisme	(1)
	1.1.2	D – Hindoeïsme	(1)
	1.1.3	B – 'n Hindoe-god	(1)
	1.1.4	A – Poligamie	(1)
	1.1.5	B – Ortodokse Kerk	(1)
	1.1.6	D – 'n Geestelike leier in Boeddhisme	(1)
	1.1.7	B – Karl Marx	(1)
	1.1.8	A – Ubuntu	(1)
	1.1.9	D – Monoteïsme	(1)
	1.1.10	C – Judaïsme	(1)
1.2	1.2.1	Vedas – Die ander is religieuse simbole.	(1)
	1.2.2	Galileo Galillei – Die ander is vryheidsvegters.	(1)
	1.2.3	Salat – Die ander word deur Joodse manne tydens gebed gedra.	(1)
	1.2.4	Vyfvoudige Pad – Die ander is uit die Abrahamitiese religieë.	(1)
	1.2.5	Vajirayana – Die ander behoort aan Hindoeïsme.	(1)
1.3	1.3.1	G – Bekeerling	(1)
	1.3.2	E – Teokraties	(1)
	1.3.3	A – Hierargies	(1)
	1.3.4	B – Pelgrimstog	(1)
	1.3.5	C – Nomadies	(1)
	1.3.6	D – Openbaring	(1)

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

1.4 1.4.1 **Ululering**
'n Skril geweeklaag wat deur Afrika-vroue uitgevoer word om intense emosie/gevoel uit te druk. (2)

1.4.2 **Wêreldbeskouing**
'n Bepaalde stel idees oor bestaan wat aan 'n mens se geloofsoortuigings en beskouing vorm gee. (2)

1.4.3 **Mantra**
'n Vers, lettergreep of frase wat geglo word van goddelike oorsprong te wees en wat herhaaldelik gebruik word in rituele of meditasie in verskillende godsdienste. (2)

1.5 1.5.1 Heiden (2)

1.5.2 Hervorming (2)

1.5.3 Hindoe (2)

1.5.4 Koningin Elizabeth II (2)

1.5.5 Lao-Tzu (2)

1.6 1.6.1 **Die Kruis**
- Christene glo dat dit die oorwinning van Jesus oor die dood verteenwoording.
- Jesus het vir hulle sondes gesterf.om hul verlossing teweeg te bring. (2)

ÉcoleBooks

1.6.2 **Bar Mitzvah**
- Bar Mitzvah is 'n ritueel vir die volwassewording van 'n Joodse seun.
- Volgens die Joodse Wet, wanneer 'n seun 13 jaar oud word, word hy verantwoordelik vir sy eie dade. (2)

1.6.3 **Karma and Dharma**
Karma
- Is die geloof dat elke aksie 'n gevolg (resultaat) het, wat óf goed óf sleg is.
- Die gevolg gaan óf in hierdie óf die volgende lewe ervaar word. (2)

Dharma
- Beteken dat daar 'n orde in die hele skepping is.
- Elke persoon moet die beginsels volg wat vir hom of haar uiteengesit is.
- Sommige aspekte van dharma is vir elkeen. (4)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Om die verspreiding van die koronavirus, COVID-19, te vertraag / bekamp deur sosiale kontak, wat die hoof oorsaak van die verspreiding van die virus is, drasties te verminder. (2)

2.1.2
- Mense van alle ouderdomme
- Ouer mense; bejaardes
- Mense met bestaande mediese toestande soos asma, diabetes, hart kondisies, ens. (4)

2.1.3
- Die Metodiste kerk het hul Goeie Vrydag en Paas-Sondagdienste gekanselleer.
- Die ZCC het hul jaarlikse pelgrimstog na Moria afgestel.
- Die Moslem Regsraad het die Vrydag-gebed afgestel. (4)

2.1.4
- Religieuse leiers is deel van die hoeksteen van die samelewing.
- Religieuse leiers is gerespekteerde lede van hul gemeenskapppe.
- Hulle het toegang tot netwerke van mense wat na hulle sal luister. (4)

2.1.5
- Pastore, eerwaardes en priesters het almal hul kerke gesluit.
- Hierdie leiers het alternatiewe dienste gereël waar lede tuis aanbid het.
- Sommige het sosiale media gebruik soos Facebook gebruik om dienste uit te saai oor die internet en vanaf hulle huise of leë kerkgeboue.
- Andere het Whatsapp-groepe gestig en so met hul lede gekommunikeer.

  LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.6 **Die reg op 'n veilige omgewing**
- Die regering het skole, fabrieke en besighede gesluit om nie die land in gevaar te stel nie.
- Veilige vestings is vir die haweloses opgerig.
- Die weermag is ontplooi om die polisie te help om seker te maak dat die mense in hul huise bly en die grendeltydreëls gehoorsaam.

Die reg op gesondheidsorg / 'n gesonde omgewing
- Die regering het die massa toetsing van burgers beveel om mense wat COVID-19 onder lede het te vind en te behandel.
- Kospakkies is aan die armes gegee.
- Die haweloses is na plekke van veiligheid geneem om hulle te beskerm teen besmetting met die koronavirus. (8)

2.1.7
- Die Bybel gee opdrag aan alle Christene om die land se wette te gehoorsaam.
- Om hierdie rede sal dit onheilig wees om nie kerke te sluit nie, aangesien massa-byeenkomste 'n teelaarde vir die verspreiding van die virus is.
- Hou aan om die Bybel te lees.
- Bid dat God ons sal verlos van hierdie plaag. (4)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

2.2 2.2.1 **Ten gunste van:**

- Sports
- Familie-uitstappies
- Speletjies speel
- Lees
- TV kyk (Enige 2 x 2) (4)

Teen:

- Dwelms
- Alkohol
- Dobbel
- Prostitusie
- Pornografie (Enige 2 x 2) (4)

2.2.2 **Steun**

- Ontspanningsaktiwiteite wat godsdienste steun is oor die algemeen nie 'n probleem nie.
- Tydens hierdie aktiwiteite geniet mense hulle gewoonlik nadat hulle werk afgehandel is. (Enige 1 x 2)

Veroordeel

- Ontspanningsaktiwiteite word deur godsdiens verbied:
  - Omdat dit ongesond is
  - En oor die algemeen afkeurend is (Enige 1 x 2) (4)

ÉcoleBooks

2.2.3

- Die Hindoes glo dat dobbelary baie ellende bring.
- Dit kan ook skade aan jou goeie naam doen.
- Die Boeddhistse glo dat dobbelary tot bose gevolge kan lei.
- Vir die Moslems is die drink van alkohol en dobbelary 'n verfoeilikheid en van Satan.
- Die Jode glo dat dobbelaars diewe is.
- Dobbelary en alkohol word deur die Jode verbied.
- Dwelms, alkohol en dobbel vernietig lewens.
- Christendom verbied die misbruik van alkohol en dwelms, omdat dit lewens verwoes. (8)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Inisiasie (2)

3.1.2 **TWEE REDES VIR DIE SLUITING VAN INISIASIE-SKOLE**

- Die dood van ingelyfdes.
- Die afwesigheid van goeie sorg deur chirurge en verpleeg-personeel.
- Die slegte behandeling van ingelyfdes by hierdie skole. (4)

3.1.3 **VERDUIDELIK DIE TERM *RITUEEL***

- Rituele is spesiale handelinge wat op spesiale tye op 'n spesifiek of voorgeskrewe manier gedoen word.
- Rituele sluit in gewyde aksies en toesprake, wat op 'n spesifieke orde herhaal word.
- Dikwels word spesiale klere gedra, om daartoe by te dra om die belangrikheid van die geleentheid te beklemtoon.
- Dis 'n religieuse gebruik, wat die deelnemer daaraan aan 'n heilige teenwoordigheid herinner. (4)

LET WEL: Enige relevante respons moet gekrediteer word.

3.1.4 **DIE OORSAKE VAN DIE STERFTES**

- Dehidrasie / Ontwatering
- Wonde wat septies geword het
- Afwesigheid van goeie mediese sorg
- Die slegte behandeling by hierdie inisiasie-skole (6)

3.1.5 **MOET DIE REGERING INISIASIES OORNEEM? MOTIVEER**

JA

- Terwyl inisiasies 'n kulturele praktyk is, is die veiligheid van van die landsburgers die regering se verantwoordelikheid.
- As die tradisionele versorgers nie die veiligheid van die seuns kan waarborg nie, moet die regering ingryp en die praktyk oorneem.
- Gesondheidsorg personeel is goed opgelei om hierdie operasies te doen en dan na die ingelyfdes om te sien terwyl hulle herstel.

NEE

- Kultuur het bestaan lank voor mediese wetenskap na Afrika gekom het.
- Die regering kan liewer beter maatreëls in plek sit om die praktyk te reguleer en diegene te vervolg wat hulle aan nalatigheid skuldig maak, maar die oorneem van inisiasies is buite die kwessie.
- Inisiasies is baie meer as net mediese prosedures / operasies.
- Dit het diep geestelike wortels wat dalk nie deur mediese wetenskaplikes verstaan of vereer mag word nie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

3.1.6 **DRIE DEURGANGSRITES (BEHALWE 'INSIASIE')**

- Geboorte-rites
- Huweliksrites
- Sterfte-rites
- Inisiasie- /Puberteitsrites (6)

3.1.7 **WAT DINK JY WAS DIE PRESIDENT SE DOEL MET DIE KANSELLERING VAN INISIASIES?**

- Die welstand van die seuns kon nie gewaarborg word, terwyl hulle by die inisiasie skole is nie.
- Die uitkoms-vieringe is gewoonlik 'n feestelike geleentheid wat deur baie mense bygewoon word, so sosiale afstand sou 'n groot uitdaging wees.
- Die gebruik van alkohol by hierdie seremonies is wyd verspreid, en met die verkoop en verbrouing van alkohol wat verbied was tydens die grendeltyd ('lockdown'), sou dit 'n probleem gewees het.
- Die deel van die tradisionele drinkbeker sou 'n probleem gewees het aangesien speeksel daardeur oorgedra kon word vanaf een persoon na 'n ander.
- Enige groot byeenkomste was deur die regering verbied. (6)

3.2 3.2.1 **HOE WAS DIE VERHAAL BEWAAR?**

- Dit was mondelings oorgedra.
- Die storie was later in die Ou Testament manuskripte opgeneem.
- Die Ou Testamentiese manuskripte was baie versigtig bewaar totdat dit deel van die Bybel gemaak is. (2)

ÉcoleBooks

3.2.2 **DIE DOEL VAN DIE STORIE**

- Om mense te leer van die aanhoudende stryd tussen goed en kwaad. (2)

3.2.3 **WAAROM HET DAWID GEWEIER OM SAUL SE WAPENRUSTING AAN TE TREK?**

- Dawid het geglo dat die *Kwaad* nooit die *Goeie* kan oorwin nie.
- Hy het nie Saul se wapenrusting nodig gehad om die *Kwaad* te verslaan nie.
- Wat hy nodig gehad het was om aan die kant van *Goed* (God) te wees. (4)

3.2.4 **VERSKIL TUSSEN MITE EN VERHAAL**

- 'n Mite is 'n storie van bonatuulike wesens van die verlede wat as waar geglo word.
- Mites bied verduidelikings aan oor hoe onverklaarbare natuurlike verskynsels, sosiale gebruike, ens. tot stand gekom het.
- Mites word gebruik om die dieper betekenis van die lewe te verduidelik.
- 'n Verhaal is 'n weergawe van gebeure, ondervindings, ens., wat belangrik in godsiens is.
- 'n Verhaal het ook 'n doel in morele lering. (4)

3.2.5 **WAT VERTEEWOORDIG DAWID? HAAL AAN ...**

- Dawid verteenwoordig die Goeie en God.
- Hy het geweier om Saul se wapenrusting aan te trek en op God se krag staat gemaak om Goliat te verslaan. (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 **SINONIEM VIR DISKRIMINASIE**

- Vooroordeel
- Onverdraagsaamheid
- Onregverdigheid
- Dwepery (2)

4.2 4.2.1 **VERDUIDELIK DIE TERM *INTER-RELIGIEUSE DIALOOG***

- Dialoog begin wanneer mense mekaar ontmoet en met mekaar begin kommunikeer.
- Dialoog is nie beperk tot mense wat aan verskillende godsdienste behoort wat om 'n tafel sit en die leringe van hul onderskeie gelowe vergelyk nie.
- Dialoog beteken eintlik dat mense wat aan verskillende gelowe behoort, in situasies in die werklike lewe met mekaar praat.
- Dit vind plaas wanneer gewone mense uit verskillende gelowe met mekaar praat dat verhoudinge opgebou word en dat hulle gemeenskaplike menslikheid deel.
- Dialoog is dus van uiterste belang in situasies van godsdienstige diversiteit.
- Hoe meer mense van verskillende gelowe met mekaar in aanraking kom, hoe meer dialoog sal daar tussen hulle wees. (4)

4.2.2 **DIE 4 TEOLOGIESE STANDPUNTE**

- Standpunt 1: Sinkretisme
- Standpunt 2: Inklusiwistiese siening
- Standpunt 3: Eksklusiwistiese siening
- Standpunt 4: Pluralistiese siening (8)

4.2.3 **VERDUIDELIK KORTLIKS GODSDIENSTIGE VERDRAAGSAAMHEID**

- Godsdienstige verdraagsaamheid beteken om godsdiensoortuigings en -praktyke wat anders is as eie, te verstaan en te respekteer.
- Dit geld selfs as die een nie met die ander saamstem nie.
- Godsdienstige verdraagsaamheid hang hoofsaaklik af van interaksie tussen godsdienstige groepe en individue in 'n gemeenskap.
- Godsdienstige en politieke leiers speel 'n belangrike rol in die bevordering van 'n kultuur van godsdienstige verdraagsaamheid.
- Dit is gebaseer op respek, verdraagsaamheid en begrip van ander godsdienste as die eie.
- Godsdiensvryheid is 'n voorwaarde vir godsdiensverdraagsaamheid. (6)

4.2.4 **WAAROM VREES MENSE?**

- Hulle is bang dat ons iets van onsself sal verloor.
- Hulle is bang dat ons ons eie identiteit kan verloor.
- Hulle is bang dat andere aannames oor ons sal maak.
- Hulle is baie keer bevooroordeeld teenoor die wat anders is. (4)

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

4.2.5 **STRATEGIEË VIR RELIGIEUSE LEIERS**

- Samewerkende, konstruktiewe en positiewe interaksie tussen mense van verskillende godsdienstige tradisies.
- Hulle kan help om konflik op te los.
- Hulle kan sorg vir die siekes en behoeftiges, insluitende Vigs-lyers, weeskinders, slagoffers van geweld en natuurrampe.
- Hulle kan die vreedsame bestaan onder mense promofeer.
- Hulle kan vir die omgewing omgee.
- Hulle kan gemeenskaplike projekte vir vrede ontwikkel.
- Hulle kan mense help om die verskille in andere te respekteer.
- Hulle kan help om pandemies soos COVID-19 saam te beveg. (6)

4.3 **NOEM DIE GODSDIENS WAAR DIE SIMBOOL GEVIND WORD EN VERDUIDELIK DIT KORTLIKS**

4.3.1 **HAJJ**

- GODSDIENS – ISLAM
- Is ’n pelgrimstog na Mekka wat deur alle Moslems ten minste een keer in hul lewens gedoen moet word.
- Almal, mans en vroue, dra 'n eenvoudige identiese dekking wat as Ihram bekend staan.
- Dit simboliseer dat alle Moslems, ongeag rykdom, status of geslag, voor Allah gelyk staan. (4)

4.3.2 **MENORAH**

- GODSDIENS – JUDAÏSME
- Simbool van Joodse identiteit.
- Dit herinner die Jode aan hulle geskiedenis wanneer hierdie kandelaar met die sewe kerse deel was van hul aanbidding.
- Eerstens in die tabernakels (’n spesiale plek van aanbidding).
- En daarna in die Tempel. (4)

4.4 **VERDUIDELIK DIE VOLGENDE KONSEPTE**

4.4.1 **PROSELITISERING**

- In Grieks beteken die woord *eluthos* vreemdeling of bekeerling.
- Dit is gebruik om te verwys na iemand wat van die een godsdiens na ’n ander bekeer het.
- Oorspronklik is die woord ‘proseliet’ gebruik vir ’n nie-Jood wat hom of haar tot Judaïsme wou bekeer.
- Nou word dit gebruik om te verwys na enige geloof (of wêreldsiening) wanneer aanhangers ander tot hul geloof wil bekeer op ’n gedwonge of vyandige manier. (4)

4.4.2 **RELIGIEUSE IMPERIALISME**

- Verwys na die manier hoe magtige godsdienste na ander streke of lande versprei het en die hoof godsdiens in daardie lande geword het.
- Deur mense te bekeer van die godsdiens wat hulle vroeër gevolg het.
- Die magtige godsdiens is soos ’n militêre veroweraar wat die vorige godsdiens verslaan. (4)

4.4.3 **EKUMENISME**

- Is afgelei van die Griekse woord 'oikoumene' wat beteken 'die hele bewoonde wêreld.'
- Dit is oorspronklik gebruik om te verwys na die bevordering van 'n visie van eenheid onder die verskillende Christelike kerkgemeenskappe wat na Jesus se dood ontstaan het.
- Deesdae verwys dit na aktiwiteite wat daarop gemik is om eenheid en samewerking te bewerkstellig tussen Christelike denominasies wat na die Hervorming in Europa tot stand gekom het.
- Dit het tot die ontstaan van die Raad van Kerke gelei. (4)

[50]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 5

5.1 5.1.1 **TWEE REDES WAAROM SUID-AFRIKANERS IN VREES LEEF**

- Misdaad is buite beheer
- Misdaad neem nie af nie
- Niemand is veilig nie (4)

5.1.2 **EEN WOORD UIT PARAGRAAF 3**

- Noodsaaklik (2)

5.1.3 **TWEE GEBOOIE VERBREEK**

- Jy mag nie doodmaak nie.
- Jy mag nie steel nie. (4)

5.2 5.2.1 **WAT BEDOEL DIE SKRYWER?**

- Die president het hom sterk teen die misdadigheid uitgespreek. (2)

5.2.2 **DRIE VOORBEELDE VAN MISDADE TYDENS GRENDELTYD**

- Geslaggebaseerde misdaad
- Bandstigting
- Inbraak
- Diefstal (6)

5.3 **INDIEN JY LID VAN REGERING WAS**

- Skryf strenger wette wat dit moeiliker maak vir mans om met misbruik weg te kom.
- Stel swaarder strawwe voor vir misdadigers.
- Borg moet geweier word vir almal wat van geweldadige oortredings aangeka word.
- Geen parool moet vir hierdie oortreders oorweeg word nie.
- Die regering moet dit oorweeg om die doodstraf vir oortredings soos moord as afskrikmiddel terug te bring. (6)

5.4.1 **TIPE ONDERHOUD**

- Gestruktureerde onderhoud (2)

5.4.2 **PRESIESE ONDERWERP**

- Die rolle van vroue in tradisionele Afrika samelewing. (2)

5.4.3 **DRIE VOORBEELDE VAN VRAE WAT SY KAN VRA**

- Wat is sommige van die rolle wat vroue in die godsdienstige gemeenskap vervul?
- Watter werk doen vroue in hierdie godsdienstige gemeenskap?
- Neem vroue besluite of is hulle deel van die besluitnemings-proses?
- Hoe voel vroue oor hul plek in die godsdienstige gemeenskap?
- As vroue nie in die leierskap ingesluit word nie, waarom nie?
- Sou dinge anders gewees het, as vroue leiers in die godsdienstige gemeenskap was? (6)

EcoleBooks

5.4.4 **DRIE RIGLYNE VIR DIE FORMULERING VAN VRAE**

- Vra 'n paar oop vrae. Dit het meer as 'n enkele woord as 'n antwoord nodig. Dit begin dikwels met die woorde: Wat? Waarom? Wanneer? Wie? Waar? Hoe?
- Vra 'n paar geslote vrae. Dit het 'n enkele woord as 'n antwoord nodig.
- Byvoorbeeld JA of NEE.
- Vermy tweeledige vrae, wat twee dinge gelyktydig vra.
- Byvoorbeeld: Wat is die rol wat vroue behoort te vervul en hoe voel hulle hiervoor?
- Hou vrae kort en tot die punt. (6)

5.4.5 **DIE MOEILIKHEID IN DIE MAAK VAN AANNAMES**

"Dit word gekenmerk deur groot kulturele en taalkundige uiteenlopendhede, en elke stelling wat oor 'n stam gemaak word, kan heeltemal nie van toepassing wees op 'n ander nie." (2)

5.4.6 **TWEE TIPES ONDERSOEKMETODES**

- Telefonies en
- Individuele metodes (4)

5.4.7 **VIRSKILLE TUSSEN *GESTRUKTUREERDE* EN *ONGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE***

- Gestruktureerde onderhoud – in hierdie tipe onderhoud word die vrae versigtig geformuleer en sal streng in 'n vasgestelde orde gevra word.
- Ongestruktureerde onderhoud – vrae word nie vooraf geformuleer nie.
- Die vrae word gevra namate die onderhoud vorder en word deur die verloop van die onderhoud bepaal. (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM